

Woensdag 15 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11; HK Sondag 15, Antwoord 37

Fokusgedeelte: Romeine 5:10

Die versoening met God as vrug van Christus se lyding

Wat is die betekenis van die verskriklike smartlike lyding wat Christus vir ons ondergaan het? Die antwoord op hierdie vraag bring ons by die hart van die evangelie van verlossing. Die antwoord word egter in verskillende bewoordings weergegee wat almal eintlik presies dieselfde saak aandui. Behalwe Romeine 5:10 wat hierbo aangedui is (en ook vers 11), is die volgende enkele ander uitsprake in die Skrif daaroor: Christus is ter wille van ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word (Rom. 4:25). God het deur Christus die wêreld met Homself versoen deur die mense hulle oortredinge nie toe te reken nie (2 Kor. 5:19). Christus het ons liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee wat vir God aanneemlik is (Ef. 5:2). Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring (1 Pet. 3:18).

Samevattend kan, in die lig van genoemde en ander Skrifuitsprake, die betekenis van Christus se lyding en sterwe soos volg weergegee word: Hy het vir ons versoening by God bewerk deurdat Hy die heilige God en die sondige mens bymekaar gebring het toe Hy aan die kruis die offer gebring het wat ons skuld voor God bedek het. Dit gaan dus om die versoening van die mens met God deur die versoeningsoffer van Christus. Of nog korter: versoening deur voldoening.

In ons belydenis word hierdie selfde saak net op 'n ander wyse weergegee. Daar word gesê dat die lyding van Christus 'n tweevoudige betekenis gehad het: 'n *negatiewe* en 'n *positiewe* betekenis. Christus het ons daardeur van iets *verlos*, maar terselfdertyd iets vir ons *verwerf*. Daardeur het Hy ons na liggaam en siel verlos van die brandende toorn van God teen die sonde en van die ewige verdoemenis met sy pyn en smarte. Terselfdertyd het Hy vir ons “'n snoer van lieflikhede” (Ps. 16:5 berymd) verwerf: die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe. Christus het deur sy borgtogtelike lyding en sterwe ons nie net verlos van die hel en aan ons 'n paradyslewe soos dié van Adam en Eva voor die sondeval gegee nie. Hy het baie meer gedoen. Deur sy soenverdienste sal ons aan 'n baie groter heerlikheid deel hê: op grond van die genade van God en die geregtigheid wat Christus vir ons vewerf het, is ons bestemming die ewige lewe op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel in onuitspreeklike geluk – altyd by die Here. Daarom moet ons hele lewe 'n lewe van dankbaarheid en diens aan ons Here wees.